Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 9 Kaapstad, Woensdag, 29 Maart 1950 Prys 3d. No. 19

# Hansard Bied Geen Woord Van Troos Vir „Volk Daarbuite"

„'n Oënskou van die huidige sitting van die parlement, totsover, mag humoristies lyk, was dit nie vir die dodelike erns van in Suid-Afrika te lewe nie", verklaar die Boksburg Advertiser in sy hoofartikel van 10 Maart. Die blad vervolg:

Daar was halfgrappige en sardoniese gelag in die Huis waaraan ons, die burgers, van tyd tot tyd kon deelneem, behalwe dat daar vir ons nóg 'n halfgrappige verlossing nóg sardoniese gelag is omdat die taak om vandag 'n bestaan te maak veels te ernstig is vir deelname aan sulke dingetjies wat ons kabinetsministers so ammuseer.

„Ons kyk na 'n warboel van Hansard-woorde wat aangeteken is sedert die sitting 'n aanvang geneem het en ons vind nêrens enige woord wat ons hoop gee nie; nie 'n enkele woord vir die volk nie—elke ding is Party. Dit was die party aan die begin en dit sal blykbaar die party wees aan die groot einde. Die volk van Suid-Afrika en veral die volk van die Witwatersrand is 'n vergete faktor."

## Kerke Vra Verbod Op Kommunisme

**'n Afvaardiging van die Nederduits Geref. Kerk en die Gereformeerde Kerk wat die Minister van Justisie verlede Donderdag in Kaapstad gespreek het in verband met sekere maatskaplike euwels, het onder meer aan die hand gedoen dat die Russiese konsulaat gesluit moet word, terwyl 'n lid aan die hand gedoen het dat die regering by ander Westerse lande moet aandring op die skepping van 'n ondergrondse politieke veldtog teen die Sowjet.**

Na verneem word is hierdie punte tydens die onderhoud ter sprake gebring, maar die Minister was nie bereid om bepaalde versekerings in die verband te gee nie. Hy het wel gesê dat die regering maatreëls teen die Kommunisme voorberei en dat die regering goed op hoogte is van die Kommunistiese bedrywighede in die land.

Die afvaardiging, wat bestaan het uit di. A. M. Meiring, D. W. Krynauw, P. W. J. Jordaan en D. F. B. de Beer, en drr. H. J. N. Joubert en P. J. Coetzee, **het verder versoek dat die Kommunistiese Party geen amptelike erkenning moet geniet nie omdat dit trou skuldig is aan 'n vreemde moondheid, 'n goddelose leer verkondig en geweld en opstand preek. Kommuniste moet uit die staatsdiens en die onderwysberoep ontslaan word.**

### Soos Ander Ons Sien

Lees 'n Amerikaner se mening oor ons partypolitiek op bladsy drie.

# ONDERGRONDSE VELDTOG TEEN SOWJET KAN WESTE NOG RED

**'n Republikeinse lid van die Amerikaanse huis van verteenwoordigers, John Lodge, het onlangs gepleit dat die Westerse lande die voorbeeld van Rusland moet volg om 'n vyfde kolonne in ander lande op te bou, en dat daar vir die doel miljoene ponde gestem moet word ten einde die koue oorlog op hierdie wyse te beëindig. „Daar moet 'n front van inwendige agressie in Rusland geskep word. Die Russe het nog altyd ondergrondse oorlog op 'n massa-skaal gevoer. Ons kan nie die uitdaging van die koue oorlog beantwoord deur blote militêre voorbereidheid en ekonomiese hulpverlening en inligtingsdienste nie. Die Kommuniste voer hierdie stryd met elke middel duskant wat ons beskou as oorlog. Ons moet dieselfde doen," het hy gesê.**

Hierdie uitlating van 'n gewone kongreslid is een van die grootste stukke wyshede wat die demokratiese lande sedert 1939 kwytgeraak het, maar soos ander wyshede is dit twyfelagtig of daar enige verdere oorweging aan geskenk sal word —veral as mens moet oordeel na die weggesteekte plekkie wat dit in meeste dagblaaie beklee het insover dit nie heeltemal verswyg is nie.

Dit is so 'n beleid wat ook deur die internasionale politieke kenner, Kenneth de Courcy in sy Intelligence Digest bepleit word. **Hy meen dat Rusland besonder blootgestel is aan 'n ondergrondse veldtog. Die binnelandse moeilikhede van die Sowjet is baie groot, maar die Westerse moondhede doen niks om dit uit te buit nie. Dit is nie waar, soos sommige glo, dat dit moeilik is om so 'n veldtog teen Rusland te voer nie. „Inteendeel", aldus De Courcy, „daar kan baie gedoen word om 'n uiters gevaarlike toestand om te skep in 'n toestand wat hanteer kan word.**

### NET 24 MAANDE

„Ons inligting is dat die Atlantiese moondhede nie meer as 24 maande het om die huidige gevaarlike gang van sake te keer nie," So lui sy waarskuwing. Dit het uitgelek dat die Politburo doelbewus daarna strewe om 24 maande te wen aan tyd. **„As ons die Westerse staatsmanne nog net vir 24 maande aan die kaarttafel kan hou, kan ons hulle vra om hul beursies te oorhandig en huistoe te gaan", het 'n lid van die Politburo 'n tyd gelede gesê sonder dat hy daarvan bewus was dat daar 'n ernstige lekkasie van inligting plaasgevind het.**

Omtrent die moontlikhede van so 'n ondergrondse offensief teen die Sowjet, het Intelligence Digest in September verlede jaar as volg geskryf:

### MOONTLIKHEDE

**„Berigte van uit Rusland en sy satelliet-lande toon almal dat die Russiese leiers te doen kry met 'n groeiende ontevredenheid van die massas wat tekens van afmatting openbaar.**

„In die satelliet-lande kom ontevredenheid en teenstand van twee kante—**wegbrekende Kommunisme en tradisionalistiese bewegings** bestaande uit kerkmanne, nasionaliste, intellektueles en kleinboere. Grondbesitters en grootkapitaliste is vernietig, en kom dus nie in aanmerking nie. **Die teenstand in Rusland openbaar tekens dat dit uiters magtig is en besig om uit te brei.**

„Dit is 'n delikate saak, want om te veel te sê kan beteken dat inligting weggegee word wat kan lei tot straf van waardevolle vriende. Nogtans, aangesien geslaagde politieke optrede teen Stalinistiese Kommunisme binne die Sowjet oorlog kan vermy, of indien nie, ten minste die gevaar en lengte daarvan kan verminder, is dit nodig om iets te sê.

### DOEN NIKS

**„Nóg in Londen nóg in Washington het die kabinette voldoende aandag aan hierdie aspek verleen. Die beweging in die satelliet-lande verteenwoordig een van die mees oortuigende en kragtige magte in die wêreld. Dit vereis leiding van buite en al die nodige metodes van verbinding en voorsiening. Dit kan blyk die middel te wees om die wêreld ontelbare skatte en moontlik honderdduisende lewens te bespaar.**

„Daar is geen land in die Sowjet-stelsel, met die moontlike uitsondering van Bulgarye, waarin eersterangse optrede nie nou Russiese planne ernstig in die war kan stuur nie. Dit mag nie lank wees voor dat iets dergeliks ook in Bulgarye sal kan gebeur nie.

### AAN DIE KOOK

„Binne die Sowjet-unie self is 'n groot deel van die Ukrainiese volk aan die kook. Nie lank gelede nie was een van ons inligters in staat om van Oos-Ukraine tot dwarsdeur Morawië te reis deur van punt tot punt deurgehelp te word deur aktiewe anti-Russiese militêre eenhede.

„Dwarsdeur die Asiatiese republieke is daar ontevredenheid en vrees. Dit is 'n onderwerp op sigself en ernstig nagelaat deur diegene aan bewind. **Onder die Russiese massas is daar twyfel en selfs woede. Niks van belang word nogtans in die verband gedoen nie."**

'n Paar maande later het die blad geskryf dat nog niks wat die moeite werd is om te noem, gedoen word nie, en hy het toe 'n metode van ondergrawing aan die hand gedoen:

### HOE DIT TE DOEN

„Elke deel van Rusland verdien spesiale aandag. Meeste van die ontevrede elemente het hul eie plaaslike klagtes en ambisies. Daar is natuurlik 'n omvattende gevoel, maar doeltreffende politieke optrede moet plaaslik van aard wees. Dieselfde reël geld vir etlike besette satelliet-lande, hoewel nie almal ewe groot nie. In almal is daar nogtans brokke wat spesiale bearbeiding vereis.

**„Aan ons kant het ons deskundiges in byna elk van hierdie verskillende vraagstukke. Hulle behoort ingespan, hul verstand en kontakte ontwikkel te word. Omtrent niks word op die oomblik gedoen nie. Hierdie manne en vroue is nogtans van net soveel waarde—miskien nog meer—as atoomwapens."**

### OMVATTENDE PLAN

Elke groep verg besondere aandag, eersterangse skakelgeriewe, toerusting en natuurlike geld. Elkeen kan 'n dodelike wapen in sy eie sfeer blyk te wees, hoe klein ook al. Hulle moet alles gegee word—vliegtuie om vlugskrifte te versprei, radio, geriewe vir geheime beweging, opleiding in moderne spioenasie-metodes, skoling in ons beleide en beskouings.

„Die omvattende plan moet die hele Sowjet-stelsel dwarsdeur die wêreld behels. In elke gebied is daar groot moontlikhede. Die getuienis hiervan word steeds groter."

Die blad verklaar dan dat ten spyte van die stories wat versprei is om te ontken dat die Russe in groot groepe na die Duitsers oorgeloop het, dit tog 'n feit is. **Stalin self het die toppunt van besorgdheid bereik en uiters sensasiewekkende maatreëls is voorberei. Die optrede van die Gestapo het egter 'n reaksie meegebring en die Sowjet-bewind is gered.**

# L.V.'s VERBROEDER MET ‚DUIWELSE EVANGELIE'

## Sam Kahn Sirkuleer Rooi Propaganda Onder Kollegas

**Een van die redes waarom Die O.B. aandring op 'n verbod op die Kommunistiese Party is dat dit 'n status aan die Kommuniste verleen deur hul verteenwoordiging in die parlement en hierdie „duiwelse evangelie", soos genl. Smuts dit genoem het, 'n voorkoms van eerbaarheid gee waarmee mens gemoedelike omgang kan hê. Dat hierdie gemoedelike omgang dan ook in die parlement self nie uitbly, blyk uit berigte wat van tyd tot tyd in die Engelse pers verskyn — berigte wat aandui dat die heer Sam Kahn elke beskikbare middel aangryp om sy evangelie te bevorder. Onderstaande word oorgeneem uit die Cape Times van 21 Maart:**

**„Gepraat van die Kommunisme in die parlement, mnr. Sam Kahn voer 'n een-mansveldtog om Kommunistiese propaganda in die volksraad te versprei.**

**„Op die dae dat die weekblad Guardian in Kaapstad verskyn, deel hy dosyne eksemplare daarvan uit aan lede wat gewillig is om dit in ontvangs te neem. Van etlike Nasionaliste wat dit neem, is die meerderheid Ministers.**

**„Helder geïllustreerde eksemplare van die Sowjet-maandblad, „U.S.S.R. in Reconstruction" kan dikwels op die lessenaars van regeringslede vanaf die sy-losies opgemerk word. Mnr. Kahn laat dit rond gee deur eers eksemplare aan Ministers te oorhandig wat in sekere sake geïnteresseerd mag wees.**

**„Sommige lede betaal vir die eksemplare van die Guardian— en gee my selfs 'n fooitjie deur aan my te sê om die kleingeld te hou", het mnr. Kahn my meegedeel.**

**Die blad praat natuurlik net van regeringslede, maar daar kan aangeneem word dat opposisie-lede met nog meer gretigheid en vatbaarheid hierdie rooi propaganda in ontvangs neem. Intussen is mnr. Kahn, verteenwoordiger van 'n „duiwelse evangelie", 'n baie goedige en sportiewe kollega van „agbare lede."**

DIE O.B., WOENSDAG, 29 MAART 1950

# STROOM GROEI AAN TEEN PARTYPOLITIEK

Vir elkeen wat oë het om te sien en ore om te hoor, behoort dit nou duidelik te begin word dat die volk stadig maar seker in opstand begin kom teen die verkragting van die volkslewe deur die partypolitiek. **So in die oog lopend is hierdie verbreking van die volk dat dit 'n besoekende vreemdeling nie baie dae se kuier neem nie om die hele toestand soos glas deur te sien nie, getuie 'n berig wat ons in hierdie blad vandag publiseer. As vreemdelinge hierdie ondraaglike spel met die volk se toekoms met een oog op slag kan sien, dan verbaas dit mens dat 'n Beweging soos die Ossewabrandwag 'n jarelange stryd moet voer om 'n volk wat iets beters gewoond was, aan die verstand te bring dat hy soos 'n kind besig is om met 'n skeermes te speel.**

**Dit is egter verkwikkend om te merk dat die verset teen die partypolitiek nie net meer van die kant van Afrikaners gevoer word nie, maar dat die stemme in Engelssprekende kringe steeds meer hoorbaar word.** Die Engelsman, met sy tradisie van verdeel en heers, het in die partypolitiek nog altyd 'n handige middel gesien om Afrikaner teen Afrikaner te verdeel. Dit was dan ook nog nooit die Engelssprekende in die eerste plaas wat die partypolitiek in ons land gevoer het nie, maar Afrikaners — vanaf die dae van genl. Botha. En dit is maar weer Afrikaners wat genoem word as die moontlike opvolgers van genl. Smuts, terwyl die Engelssprekendes terugleun in hul besighede en nywerhede wat hulle sterk maak onderwyl die Afrikaner hom flou stry in die partypolitieke arena.

### DIE VERANDERING

Maar twee dinge het in die jongste tyd die Engelssprekende tot nadenke gestem. **Die staat word al meer en meer opgevorder om ook op ekonomiese gebied sy septer te swaai. Die dae van vrye mededinging onder die kapitalistiese bedeling is vervloë. Die ekonomiese terrein is nie meer daardie rustige ontvlugtingsoord vir mense wat vooruit wil gaan onderwyl politiek-beheptes agteruit skuifel op die party-arena nie.** Die bestuurder van 'n besigheidsaak voel die hand van die staat elke dag en elke uur swaar leun op sy skouer in hierdie tyd van prysbeheer en invoerbeperkings — en die hand wat hy voel, is die dooie hand van die partypolitiek. Die gevolg is dat die Engelssprekende tans gedwing word om kennis te neem van wat op politieke gebied gedoen word, en as hy sy oë opslaan na die partyverhoog, dan deurtrek 'n huiwering sy ledemate. Van daardie oord is geen heil te wagte nie. **Vandaar die steeds stygende protes van die kant van Engelssprekendes teen die verydelende partygetwis waarvan die Afrikaner teen hierdie tyd al meer as sy Benjaminsdeel gehad het.**

### RUIK GEVAAR

Maar die Engelssprekende is in die tweede plaas by uitstek 'n kuddedier. Hoewel hy hom in die land van sy herkoms ook vermaak met partypolitieke skepping, het hy nog nooit toegelaat dat hierdie spel sy kudde se bestaan in gevaar stel nie. Nog elke keer wanneer groot volkskrisisse opgedoem het, het die Britse volk uitgestyg bo die partypolitiek en in belang van die gemeenskap saamgewerk. In die verlede het die Engelssprekende in ons land die partypolitiek as 'n handige instrument beskou waarmee die Afrikaner homself kon benadeel. **Maar hierdie instrument het reeds opgehou om 'n gevaar vir net een deel van die bevolking te wees. Dit is vandag besig om 'n bedreiging te vorm vir die hele blanke ras in Afrika, en die Engelssprekende is baie gou om met sy kudde-instink bewus te word van hierdie gevaar. Vandaar die steeds groeiende koor van stemme uit Engelse kringe teen die partypolitiek.**

**Dit sal inderdaad 'n growwe ironie wees as die Engelssprekende in ons land uiteindelik vir ons die pad moet aantoon terug na ons eie volkstelsel van 'n partylose staat. Die gedagte behoort so beskamend te wees as wat dit bemoedigend is om te weet dat die klompie Afrikaners wat so volhardend bly stry het vir die vervanging van die partystelsel deur 'n stelsel van volksregering, nie meer alleen in hul vaderland staan nie. Die stroompies van opstand teen die verkragting van ons volk deur die partypolitiek sal eerlang aangroei tot 'n magtige stroom wat niemand sal stuit nie.**

# Brittanje Weeg Ons

**Hierdie versoeningsbeleid teenoor Suid-Afrika sal kettingreaksies veroorsaak. Vir elke blanke man wat in die Unie gepaai is, is honderd Indiërs en Pakistaners beledig in die twee grootste dominiums in die Statebond,"** skryf die Tribune, 'n Britse blad wat die Arbeider-regering steun.

'n Ander Britse blad, Manchester Guardian, skryf in dieselfde gees:

**„Indien die kleurskeidslyn in die Unie goedgekeur word, sal dit katastrofiese konsekwensies in ander Statebondslande,**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**wat van groter gewig vir Brittanje as Suid-Afrika is, ten gevolge hê."**

Bostaande aanleidings is gedoen na aanleiding van die Seretse-affêre in Betsjoeanaland. Die blaaie gaan uit van die standpunt dat die Britse verbanning van Seretse gedoen is onder druk van Suid-Afrika en Rhodesië. Dit is heeltemal moontlik dat die Unie en Rhodesië se gevoelens deur die Britse regering in aanmerking geneem is by die neming van die besluit, **maar die eerste en belangrikste moeilikheid het in Betsjoeanaland self ontstaan toe die regent optrede teen Seretse aanbeveel het en die stam uiteindelik geskeur het.**

Maar wat ons op die oomblik belang in stel, is die gees wat vooraanstaande Britse blaaie openbaar ten opsigte van die Statebond. **Vir Suid-Afrika hou dit 'n baie ernstige waarskuwing in. Daar is tevore in ons blad ernstige bedenkinge gelug teen ons „susterskap" met Indië binne die Britse Ryk. Die bostaande uitlatings onderstreep hierdie bedenkings. Dit kom daarop neer dat die paar miljoen blankes in Suid-, Oos- en Midde-Afrika deur die Britse mening afgeweeg word teenoor die vierhonderd miljoen Indiërs op die ander uithoek van die Empire, en dat Brittanje op grond van hierdie afweging moet kant kies in die aangroeiende stryd tussen Indië en blank Suid-Afrika om besit van Afrika.**

**Dit toon hoe Brittanje oorweeg om te kies.**

## *Naturelle-arbeid in Landbou (3)*

# Ontwikkeling Wat S.A. Meer Sal Tref As 'n Verkiesinguitslag

**Die gebruikmaking van naturelle vir geskoolde werk in die landbou gaan die opname van blankes in die toekoms net verder bemoeilik want, eerstens, die naturel sal nooit 'n hoë produktiviteit bereik en daarmee hoë lone aan hom regverdig om sodoende blankes in staat te stel om met hom te wedywer nie, en, tweedens, sy blote teenwoordigheid op plase en sy vermoë om met 'n lae lewenstandaard deur te kom, sal hom altyd 'n voorsprong gee om voorman en later selfs ondernemende boer te word. Met die ekonomiese en historiese volgorde dat die persoon wat die ongeskoolde en half-geskoolde werke monopoliseer, later die ondernemer word, moet ons hedendaagse blanke grondbesitters deeglik rekening hou wanneer hulle besluite neem wat bereken is om hulle arbeidstekort op te los.**

**Referaat deur dr. W. T. H. Beukes gelewer op die Sabra-jaarvergadering.**

Ons vind reeds in baie dele van ons land die verskynsel dat wanneer 'n boer 'n stuk grond bykoop, hy die oorspronklike eienaar deur 'n sogenaamde betroubare naturellevoorman vervang. **Hierdie ontwikkelinge op die platteland sal 'n groter invloed op die blanke se toekoms in Suid-Afrika uitoefen as verkiesingsuitslae, landbouskole vir naturelle op die platteland of die instelling van 'n sogenaamde liberale beleid teenoor die naturelle.**

Die verwydering van hierdie kringloop wat deur die toetrede van die naturel tot ons ekonomiese lewe veroorsaak is, en wat, soos ons gesien het, enersyds die landboubedryf op 'n lae peil hou en andersyds die blanke uit sy eie landboubedryf en woongebiede druk, kan alleen bewerkstellig word indien ons oorgaan tot 'n beleid om fundamentele maar ekonomies gesonde veranderinge geleidelik in ons landboubeleid aan te bring.

### AANVEGBAAR

Tot dusver het die meeste blankes die standpunt ingeneem dat die naturel vir ons landboubedryf 'n werklike bate is. In die jongste tyd het veral die Fagan-kommissie in sy verslag ook hierdie gedagte onderskryf. Maar soos reeds aangedui, is hierdie stelling vanuit die gesigspunt van naturellebeleid en selfs die landbou-ekonomie gladnie bewese nie en maklik aanvegbaar. Omvattende navorsingswerk op die gebied van die doeltreffende aanwending van blanke sowel as nie-blanke arbeid in ons landbou, sou baie interessante feite aan die lig bring.

Die volgende gedagtes of beginsels kan as leidraad by so 'n ondersoek dien.

### AMERIKA

(1) Een van die grootste take in die deurvoering van 'n nuwe landboubeleid sou wees om die stroom ongeskoolde werksoekers wat van oor die hele Afrika suid van die ewenaar na die Unie beweeg, te beëindig. In die V.S.A. moes die boer, toe die nywerhede op 'n groot deel van sy arbeid beslag gelê het, sy toevlug tot rasionalisering neem. **Beplanning en nogmaals beplanning, gepaard met meganisering, het die oplossing gebring.** Daar was vir hom geen toevoer goedkoop arbeid uit die buiteland nie en hy kon ook geen politieke druk in die rigting uitoefen nie. **Vandag het die Amerikaanse boer op die gebied van rasionalisering in die landbou wondere verrig.**

### SWART KOLONIE

By ons in die Unie het lone vir arbeid gedurende die afgelope jare wel aansienlik gestyg maar in plaas van na rasionalisering te gryp het ons ons toevlug tot die naturelle van ons reserwes en van buite die grense van die Unie geneem. Tans is al weer 'n groot deel van ons landbouproduksie van vreemde naturelle afhanklik en hulle, die naturelle, weer van ons ekonomiese lewe. Ons kan met veiligheid aanvaar dat daar al vandag 2,000,000 uitlandse naturelle van die Unie ekonomies afhanklik is. Waar en hoe hierdie stroom moet beëindig word, is een van die mees verbluffende vraagstukke van ons tyd. **Met „behulp" van hierdie werksoekers is ons boere (en nywerhede) egter ywerig besig om Suid-Afrika met naturelle te koloniseer.** Hierdie toeloop van vreemde naturelle sal beëindig moet word. En die enigste wyse om hierin te slaag, is om lone vir plaasarbeid opgeskuif te kry sodat ons minder gretig sal wees om vir elke kleinigheid 'n naturel in diens te neem. Óf die landbou-unies sal die saak self moet aanvoor óf die staat sal met behulp van minimum loonskale tussenby moet tree.

### DEEGLIKE ONDERSOEK

(2) Deeglike ondersoek moet ingestel word na produksiekoste van landbouprodukte en veral die invloed van ons arbeidsmetodes op die pryse van hierdie produkte. Vir so 'n ondersoek sou in aanmerking kom die Caledon-Bredasdorpse streek, die gemengde boerderystreek van die Oos-Vrystaat en die Transvaalse mieliestreek. Hierdie gebiede bied die voordeel dat hulle tot die beste landboustreke behoort en meganisering hier reeds ver gevorder het. 'n Paar uitgesoekte plase sou ge-

(Vervolg op bladsy 6 kolom 1)


**VRYHEIDSDAGVIERING**

*Die Kommando's van Barrydale*

Vier

Vryheidsdag op Saterdag 1 April

In die Saal op BARRYDALE

★

Spreker: W. R. LAUBSCHER

ALMAL WELKOM



**BRAAIVLEISAAND**

Gesellige Braaivleisaand

*GENERAALSKAP A1*

OP SATERDAGAAND 1 APRIL 1950

TE MELKBOSSTRAND

★

ALMAL WELKOM

*Vir Vervoer Skakel 5.4263.*

# PARTYPOLITIEK STUUR S.A. NA SY PEETJIE, WAARSKU AMERIKANER

**Die artikel wat hieronder volg kan dien as 'n voorbeeld van die gewone Amerikaner se opinie oor die Suid-Afrikaanse politiek. Ons het dit oorgeneem uit die Johannesburgse blad Forward, en die gewone man uit Amerika is ene mnr. Cynes E. Stringer, burger van die staat Missouri. Ons laat mnr. Stringer aan die woord om op tipies Amerikaanse wyse die volk van Suid-Afrika toe te spreek:**

**„Ek wil graag aan die volk van Suid-Afrika die vraag stel: waarheen gaan julle? Ek weet nie, en ek sal 'n dollar teen 'n hawerkorrel wed dat julle ook nie weet nie. En as ek sê „julle" bedoel ek die ou wat 'n vragmotor bestuur en julle parlementslede — voor- sowel as agterbankers.**

**Julle kyk almal teen jul neuse vas. Julle het politiek gemaak van al julle vraagstukke. En het julle probleme! As dit by moeilikhede kom, loop julle los voor. Nie eers Adenauer of Tsjiang Kai-Sjek kan vir julle op hierdie gebied kers vashou nie. En julle het politiek gemaak van die hele boel, wat dieselfde is as om dinamiet aan die kat se stert te knoop.**

### WAT 'N POLITIEK!

„Vriende, moet my nie verkeerd verstaan nie. Ek kraai nie oor julle nie. Ek huil. Julle het 'n pragtige land — as julle iets daarvan kan maak. En julle is gesellig en goedhartig. **Dit is hierdie politiekery van julle wat my hinder. Ja, ek sal dit sê en sommer reguit sê: julle is besig om jul land te vernietig met politiek — en wat 'n politiek!**

„Laat ons 'n bietjie kyk. Julle het die kwessie van kleur hier — sommer 'n groot kwessie. Julle noem dit die Naturellevraagstuk. Maar vyf naturelle teenoor een blanke skep nie 'n naturellevraagstuk nie. Wat julle hier het, is 'n blanke vraagstuk. Ja, my boeties en sussies, julle is die vraagstuk — en wat doen julle daaromtrent? Ek kan nie sien dat julle iets doen nie. Waarskynlik sal julle sê: hierdie skynheilige vent wil slinkse kommunistiese propaganda by ons maak. **Maar ek is nie 'n Kommunis nie en bowendien het ek al die demokratiese vooroordele van die Suide oor die kleurkwessie. Maar dit verhoed nie dat ek dink nie. Maar julle het opgehou om te dink op daardie dag toe julle hierdie probleem in die politiek gesleep het.**

### KWAK-MIDDELS

**„Dis die ou bekende storie. Laat die politikus net eenmaal toe om 'n vat te kry op jou vooroordele en jy is totaal verlore.**

„Die punt wat ek wil beklemtoon is dit: julle moet in die volgende paar jaar die kleurvraagstuk oplos, en reg oplos, of julle gaan vir julle meer moeilikheid op die hals haal as enige ander nasie wes of suid van die Ystergordyn. Ek preek nie vir julle nie: ek sê vir julle. **Julle kan nie die kwak-middels van die partypolitiek gaan aanwend vir hierdie moeilikheid nie. Julle is middeldeur gekloof. Een helfte skree dit en die ander helfte dat. En wat daarvan? Een kant sê: doen iets, en die ander kant sê: doen niks. En wat gaan julle nou eintlik doen?**

### HELFTE VAN VOLK

**„Die helfte van 'n volk kan nie hul standpunt in wetgewing vaslê — wat blywend is nie.**

**„Wat julle moet doen, is om die kleurvraagstuk uit die partypolitiek te lig en dit 'n volksaak te maak. Julle politici sal nie daarvan hou nie — maar laat hulle liewer terugkeer na onskuldige en holruggeryde kwessies. Dis veiliger.**

**„Die kleurkwessie is dinamiet. Julle moet bymekaar staan; julle moet 'n gemeenskaplike volksbeleid hê ten aansien van hierdie vraagstuk. 'n Beleid wat blywend is, afgesien van watter party regeer. Doen dit en dinge sal begin roer."**

## Ondersoek Na Hollywood Se Sedelike Peil

Hollywood se rolprent-lewe sal binnekort onder die soeklig van 'n senaatskomitee geplaas word as gevolg van 'n buitensporige prent wat onlangs deur die Verenigde State vertoon is. Amerikaanse wetgewers en kerkmanne het tot die besluit gekom dat Hollywood se sedelike peil ondersoek en aan die kaak gestel behoort te word. Die nodige stappe is tans onder oorweging. Leier van die veldtog teen Hollywood is sen. Edwin Johnson.

## „BIERVLEISAAND"?

Verlede Vrydag is in Kaapstad 'n „braaivleisaand" gehou ten behoewe van die universiteitsjool. 'n Berig wat die funksie aangekondig het, het gelui dat 50 skape en 180 gelling bier beskikbaar sal wees.

Die aangename ou Boerefunksie van weleer sal blykbaar binnekort nie meer „braaivleisaand" heet nie, maar „biervleisaand."

# Partypolitiek Se Tyd Is Verby, Sê Engelse Blad

**As jy nie 'n bekrompe partyman of -vrou is nie, het jy heelwaarskynlik reeds vir jouself gevra: Wat op aarde was die nut vir Suid-Afrika van Januariemaand se wantrouedebat in die parlement? word verklaar in die hoofartikelkolomme van die jongste aflewering van die South African News Review. Die blad sê dat die debat 'n klein bietjie humor opgelewer het, maar dat die klein brakkies tewens aanhoudend gekef het rondom broekspype.**

**„Uur na uur en dag na dag het die debat voortgesleep met skaars 'n verwysing na die vername vraagstukke waarvoor hierdie regering of enige ander Unie-regering te staan kom.** 'n Mosie van wantroue laat lede toe om te praat oor enige onderwerp onder die son. **Wat is daar gesê oor bv. waterbewaring, besproeiing, nywerhede of immigrasie? Bitter weinig.** Daar is een raak aanmerking gemaak—naamlik dat geld weer begin het om die land binne te kom en dat die sterling en dollarposisie heelwat verbeter het. Dit lyk derhalwe nie asof die buitelandse wantroue van agtien maande gelede nog voortduur nie."

### TYD VERBY

Die blad sê dat die land 'n honderd-en-vyftig-of-wat volksraadslede het wat tog heelwat vir die land as geheel kan doen indien hulle partytwiste tot 'n minimum wil beperk en hul aandag wil skenk aan die groot vraagstukke van die land. **„Die tyd vir kleinlike politiekery gaan verby in baie lande, en dit geskied onder ons eie oë, hoewel bloedweinig van die Unie se politici hierdie feit nog waargeneem het."**

**„Waarom siende blind wees, en waarom aanhoudend probeer om die ander kêrel in die parlement met kwinkslaggies te tref, wanneer die grootpad na die oplossing van ons groot probleme duidelik voor ons uitstreep?" vra die blad.**

# „INDIË STEL IN AFRIKA BELANG"

**„Mense in Indië stel groot belang in wat aangaan op die vasteland van Afrika. Dit is hul oortuiging, soos uitgedruk deur Pandit Nehru, hul eerste minister, dat die naturelle opgehef moet word uit hul huidige toestand sodat hulle nie 'n onontwikkelde groep kan bly wat voortdurend onderhewig is aan die aandag van uitbuiters nie."**

Hierdie gevolgtrekking van dr. D. D. T. Jabavu, wat so pas uit Indië teruggekeer het van 'n pasifistiese konferensie, word weergegee in die Kommunistiese blad The Guardian.

**Suid-Afrika sal dus binnekort nie net tafelrondes met sy „Susterstaat" van die Ooste moet hou oor die posisie van die Indiërs in Suid-Afrika nie, maar ook oor dié van die naturelle.**

**Die toekoms sal miskien nog baie gou toon dat Afrika die grootste prys sal moet betaal vir die beveiliging van Brittanje se handelsbelange deur die behoud van Indië binne die Britse Ryk.**

## Parlementêre Stelsel Stort In Duie, Sê Mosley-Blad

**In Brittanje heers vandag die onmoontlike posisie dat die land 'n regering het wat te swak is om te regeer—die regering kan meestens die pas markeer—en 'n opposisie wat te sterk is om te opponeer—onlangs nog was die opposisie op hete kole dat die regering 'n nederlaag in die parlement sou ly op 'n tydstip wat „ongeleë" is vir sy val.**

Na aanleiding van hierdie posisie skryf Union, sir Oswald Mosley se koerant:

**„Ons stort geen traan omdat die parlementêre stelsel in duie gestort het op 'n tydstip wanneer sterk optrede noodsaaklik is vir die behoud van ons volk nie, want ons glo dat hierdie stelsel afgeskaf moet word voordat groter ellende ons volk oorval.** Laat ons vertrou dat die pynlike les van die verkiesing aan ons volk sal leer dat die tyd ryp is vir die drastiese herskepping van ons hele stelsel van regering om aan te pas by die behoeftes van moderne staatsbestuur; en dat die volk sal besef dat die tweepartystelsel van regering wat ewe onverdraagsaam teenoor meningsverskil soos die Russiese eenpartystelsel is, vir altyd uitgedien is.

„Funksionele (of beroeps-) verteenwoordiging is die enigste praktiese alternatief."


# Ysterskare Neem Water Uit Grond Sê Deskundige

**Ploegskare van yster het blykbaar so 'n nadelige uitwerking op die voggehalte van grond dat dit oeste met byna die helfte verminder, volgens R. St. Barbe Baker, 'n grondbewaringsdeskundige, in 'n lesing voor die diplomatiese korps in Londen verklaar het. Hy het gesê dat mense wat proefnemings met ander soorte allooie as yster vir bewerking van grond gedoen het, het 'n vermeerdering van soveel as 60 persent in hul oeste gekry.**

Baker het 'n paar ploegskare van koperbeslag getoon en gesê dat dit heeltemal goedkoop vervaardig kan word. Die koper-allooi isoleer die yster sodat die elektrone in die water nie opbreek wanneer die skaar die grond klief nie.

In Oostenryk, waar proefnemings verlede jaar gedoen is deur die helfte van 'n land met ysterskare en die ander helfte met 'n allooi-beslaande skaar te ploeg, het ten gevolge gehad dat die rog aanvanklik op albei dele ewe goed gegroei het totdat dit begin droog word het. **Toe het die rog op die land wat met die allooi-beslaande skare geploeg is, aangehou groei en uiteindelik 60 persent meer gelewer as die ander deel wat gekwyn het.**

Daar word verwag dat met nuwe gereedskap die gemiddelde opbrengs met soveel as 90 persent vermeerder kan word.




Besien Suid-Afrika—
beskerm deur
'n Motorpolis by

SANTAM

SANTAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.
Takke en Agentskappe Oral
2808-11a

MS 4029




Rook
SPRINGBOK
Medium
DIE GELUKKIGE KEUSE

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### GESERTIFISEERDE AUSTRALIESE BRUIN UIESAAD

**Vars Gesertifiseerde Australiese bruin Uiesaad** teen 9/-, Chantenay Wortelsaad 6/6, Detriot Beetsaad 5/6 per lb. Vra om volledige pryslys van **Premier Saadkwekers, Pk. Schoemanshoek.**
8/3/T.K.

**UIESAAD:** Goewerments-Gesertifiseerde Saad 1949/50-oes. Australiese Bruin Uiesaad teen 9/- per lb. Greenfeast Saaderte £6/10/- per 200 lb. sak. Chantenay Wortel, Detroit en Egiptiese Plat Beet 6/6 per lb. Skryf aan ons vir 'n volledige pryslys van groentesaad en plaassade. **Kango Saadkwekers. Posbus 107, Oudtshoorn.**

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar,** en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg **Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.**
(Nr.1) 1/9/49

### MARK AGENTE

**Kamerade! Aandag!**
Stuur al u produkte aan **U. S. Bellingan, Mark Agente, Uitenhage. Telegrafiese adres: „Blank S.A." Foon 1063.** As julle die dorp besoek kom gesels 'n bietjie. Dienswillig.
21/9/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

### PLAAS TE HUUR

**Middeljarige Boer soek plaas te huur,** of klein plasie te koop, of enig iets of besigheid te doen, het goeie boerdery en besigheidsondervinding, vir verdere inligting skryf aan: **Posbus 1411, Kaapstad.**
22/3/2B

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.**
19/1/TK

Nuwe seisoen sout in sterk sakke as volg:—
Spesiale sneeuwit 80/- per ton.
Sneeuwit No. 1 70/- per ton.
Wit No. 2 60/- per ton.
Wit No 3 50/- per ton.
Sneeuwit fyn tafel- en bottersout per 200 pd. 10/-; 100 pd. 5/-; 50 pd. 2/6. Vry gelaai soutwerke vir tevredenheid en dadelike aflewering, probeer:— **M. Fourie, Veldkornet, P/Sak No. x4, Arbeidsloon, Bloemfontein.**

### VRUGTEBOME

**Kleinberg Kwekery** bied aan:
Royal Appelkoosbome op Pruimwortel.
Beluda Appelkoosbome op Pruim- en Perskewortel,
D'Agen, Suiker pruimedante op pruimwortel,
Kakamas (Colins) taaipit op perskewotel.
Sterk gesonde bome gewaarborg.
Tree in verbinding, **Bus 16, Pos Breërivier.**
22/2/5B

## SPOORTARIEWE OP

Min. Paul Sauer het verlede week 'n verhoging van tien persent op spoorwegtariewe aangekondig. Ten opsigte van 'n aantal voedselsoorte en noodsaaklike benodigdhede word egter 'n uitsondering gemaak.

Kommentaar oor die algemeen was dat lewenskoste nog weer verhoog word in plaas van verminder.

## VERVOERDIENS

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**

**PAROW**

# Partypolitiek Vind Ook In Rhodesië Swakste Naat

## Maak Skeuring Tussen Twee Taalgroepe

**Die onlangse aanval van die Suid-Rhodesiese eerste minister, sir Godfrey Huggins, op die Afrikaners van die gebied by geleentheid van die verwelkoming van 'n Joodse geestelike, word deur Die Volkgenoot (Salisbury) vertolk as 'n suiwer partypolitieke slenter — 'n vertolking, wat as dit juis is, weereens toon hoe onmoontlik dit is om aan 'n grootse Afrika-beleid te dink solank die Afrikaanse gebiede hulle met die selfmoord-wapen van Britse partypolitiek behelp.**

Die blad verklaar dat die Afrikaners in Rhodesië geensins van plan is om 'n rassestryd te ontketen nie, maar as die eerste minister volhard in sy ingeslane weg, sal hy die Afrikaner wakker maak en saamsnoer tot 'n stryd van selfverdediging. In plaas van die Afrikaner se hand te neem wat uitgesteek is, het die eerste minister die geleentheid verby laat gaan. Hy verkies 'n rassestryd en verdeeldheid bo eenheid.

### SOEK STEMME

**„Die vraag is waarom hy so gekies het. Daar is net een antwoord: Politieke voordeel. Tydens die jongste algemene verkiesing is dit treffend bewys. Mnr. Charles Olley het in sy politieke ywer om stemme te kry die Liberale Party daarvan beskuldig dat hulle tweetaligheid wil invoer. Dit was 'n vervlakste politieke leuen, maar die pers wat die United Party steun, het daarna gegryp en die Britse kiesers so hoendervleis gegee vir die spook van mnr. Olley dat hulle almal vir die United Party gestem het.**

„Sir Godfrey Huggins en sy regering is vinnig besig om hul populariteit in Rhodesië in te boet deur hul finansiële beleid en swak regering. Daar moet dus na 'n spook gesoek word om die Engelse steun te konsolideer. Daar is geen beter sondebok as die Afrikaanssprekendes nie en daarvandaan die dryfveer vir die toespraak . . . „Hierdie politieke set is natuurlik so oud soos die berge, maar is dit verstandig?" vra die blad.

### SKEUR LANGS NATE

Ons het dus die posisie dat die partypolitiek, wat al die jare in die Unie 'n wig tussen Afrikaner en Engelssprekende ingedryf het, nou ook na hierdie naat gryp vir skeuring in Suid-Rhodesië, terwyl die Afrikaner daar nog nie eens 'n kwart van die bevolking tel nie.

**Die partypolitiek, wat wortel op punte van verskil in plaas van punte van ooreenkoms, soek die swakste nate in die volkslewe uit vir sy skeuringswerk — die konstitusie eis mos dat daar twee of meer strydkampe binne die volk moet wees ten einde die „big wheel" van die parlementêre mallemeule aan die draai te hou. In Europa het hierdie oopvlekking van die volk op die naat van arbeider-kapitalis geskied. In Suid-Afrika is die naat tussen Engelssprekende en Afrikaner die swakste en daarom die gerieflikste om die konstitusie se skeuringstaak uit te voer.**

**Rhodesië lewer heel vroeg al die bewys.**

# MINISTER GEVRA LIEFS TE LET OP SAAMWERK-VOORDELE

**Min. Eric Louw het 'n baie besadigde teregwysing ontvang van Die Vaderland oor sy onlangse onvriendelike verwysings na min. N. C. Havenga en die Afrikanerparty. Min. Louw het op 'n vergadering wat hy op Stellenbosch toegespreek het sy teleurstelling gelug omdat die A.P. nie die H.N.P. se kleurbeleid wil onderskryf nie. Min. Louw het selfs op versigtige wyse die kwessie van 'n skeuring tussen die twee bondgenootpartye geopper. Hy het gesê:**

„Dit sou baie jammer wees indien die vrugbare samewerking van die afgelope 21 maande bederf moet word, maar die Nasionale Party staan verplig teenoor die volk om sy beleid uit te voer."

„Selfs die handhawing van die hoogs noodsaaklike samewerking van die Nasionale Party met 'n ander nasionaalgesinde groep mag nie die veiligheid van die blanke beskawing hinder of verloën nie."

### TANDE WYS

Na aanleiding van mnr. Louw se opmerkings skryf Die Vaderland dat „dr. Malan en min. Havenga alles in hul vermoë (doen) om mekaar nie die vuur aan die skene te lê nie. Veeleer probeer hulle 'n toonbeeld uitlewe van hoe bondgenote kan en behoort te verskil.

„Maar daar is mense vir wie die ooreenkoms van twee maande gelede dwars in die keel sit. Hulle kan 1951 en die hervatting van die geskil oor die nie-blanke skynbaar nie afwag nie. Hulle is natuurlik binne hulle demokratiese reg, want elke man kan nog sy sê sê in ons land. Maar hulle moet verwag dat, wanneer bondgenote vir mekaar die tande begin wys, dan kry die Opposisie lekker tot onder in sy maag.

„Nou het mnr. Eric Louw, gebukkend onder die kruis van kleurlinge wat nie vir hom en sy mede-Kapenaars stem nie, op Stellenbosch sy misnoegdheid met mnr. Havenga en sy partygenote gelug. Algaande het mnr. Louw krasser geword in sy taal. Oplaas het hy uitgekom met die groot woord: ,Dit is feitlik slegs die Nasionale Party wat die stryd vir blanke Suid-Afrika heelhartig voer!' Op pad na hierdie merkwaardige konklusie het hy 'n paar keer lelik gegrom vir sy bondgenoot-party wat die „beveiliging van die blanke beskawing belemmer of verydel' (die Engelse pers gebruik hier selfs die woord ,verraai').

### ONSIN

„Ons moet mnr. Louw se wegholkarretjie regtig op die spoor terughelp. Dit is die suiwerste onsin om te insinueer dat die Afrikanerparty vir enigeen 'n duim terugstaan wat betref ywer vir die behoud van die blanke beskawing. **Die Afrikanerparty wil alleen 'n blywende oplossing vind en soek hierdie oplossing in ooreenkoms.** Die Afrikanerparty het sy bondgenote in twee belangrike opsigte reeds tegemoet gekom: 1, hy aanvaar 'n aparte lys vir kleurlingkiesers; 2, hy staan nie op die letter van die wet wat 'n meerderheid van twee-derdes vir enige wysiging hoegenaamd voorskryf nie, maar is tevrede as daar maar net 'n substansiële meerderheid te vind is. Die Afrikanerparty se skuld is dit nie dat mnr. Louw nie so 'n meerderheid kan lewer nie. Die Afrikanerparty het trouens alles in sy vermoë gedoen om daardie meerderheid vir sy bondgenote by die stembus te lewer. **Mnr. Louw gaan niks nader kom aan die vereiste meerderheid deur vriende en bondgenote te verwilder nie.**

„Ons vra mnr. Louw om sy haarklowery te laat vaar en liewer die voordele van die samewerking met die Afrikanerparty te tel. Danksy hierdie samewerking, immers, is die Smuts-bewind verslaan, die Afrikaner en Afrikaans kom tot hulle reg, die finansies van die land is op gesonde voet teruggebring en buitelandse kapitaal stroom in om ons land te bevrug. Hierdie dinge is tasbare bates."

# ONS VRA U MEDEWERKING

## Versoek aan ons Lesers

**Ons vra hiermee die medewerking van elke leser van *Die O.B.* Die medewerking van elke man, vrou en kind. Ja, ook u medewerking!**

**Daar is nog honderde huisgesinne in Suid-Afrika wat graag elke week *Die O.B.* sal wil ontvang.**

**Wie is hulle?**

**Almal wat Republikeine is.**

**Almal wat na ware Volkseenheid strewe.**

**Almal wat wil help om dringende staatkundige, ekonomiese en maatskaplike hervormings teweeg te bring.**

**Trouens, almal wat saam wil marsjeer na die bestemming van die Afrikanervolk.**

**Sal u nie as skakel dien tussen hulle en *Die O.B.* nie?**

**Wat moet u doen?**

**Knip meegaande intekenvorm uit. Vul die nuwe intekenaar se naam en adres daarop in. Kollekteer 12/6 van hom of haar. Pos intekenvorm en geld aan Die Sekretaris, Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad. En die nuwe intekenaar sal die blad vir een jaar ontvang.**

**Sal u asseblief u medewerking verleen? Baie dankie.**

### Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van*..................

..............................*vir die eerste*..........................*maande.*

*NAAM*..................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..................................................

..................................................

..................................................

..................................................
*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

DIE Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 29 MAART 1950

# Die Rol Van Die Kind In Ons Geskiedenis

**IV. 185 KINDERS VERMOOR**

Die nag van 17 Februarie 1838 is 'n ander uitstaande datum in ons geskiedenis. Gedurende daardie donker nag het die wrede Zoeloes die Voortrekkerlaers aangeval en 185 kinders vermoor.

'n Sekere mnr. G. J. Kruger, wat self die wrede toneel van die moord gesien het, skryf as volg: „Ons vroue is oopgeskeur; ons kinders is by die voete geneem en teen die wa-wiele doodgeslaan. Ag, ek sidder, ja my hart smelt in my wanneer ek dink aan daardie droewige gebeurtenisse."

Ook in hierdie geval was dit die kinders wat die swaarste gely het. Daardie onskuldige seuns en dogters het deur hulle martelende dood en bloed die land van die barbare vir ons gewen. Hierdie moord het by Moordspruit en Bloukrans plaasgevind.

Toe die dag die volgende môre breek oor hierdie tragiese toneel, kon oral nog die rook uit die smeulende laers gesien word. Die gras in die omtrek was vasgekoek van bloed. Wit vere, wat uit die oopgeskeurde beddegoed kom, het oral tussen die dooies rondgefladder. Uit die waens kon 'n mens nog die rooi bloed sien drup . . . drup . . . drup.

Sarel Cilliers het, by die aanskouing van hierdie afgryslike toneel sy hoed afgehaal, na die hemel opgekyk en uitgeroep: „O, God, sal die bloed van die suigelinge dan nie gewreek word nie?" 'n Ander vertel: „Net waar jy kom, was die mense in trane; oral snik hulle luid by die lyke van vriende en familie. Alles is met bloed bevlek, verniel en oopgeskeur, sommige onherkenbaar. In ons laer hoor jy niks anders as 'n geklaag en gehuil nie."

Sommige van die seuns en dogters was vol assegaaisteke, maar het nog geleef en later gesond geword.

'n Jong dogter van 8 jaar het sewentien steke gekry. Sy is tussen die verbrande waens uitgehaal, het gesond geword, getrou en het 90 jaar oud geword. Ook twee ander dogtertjies het 19 en 21 steke onderskeidelik gekry. Hulle is goed versorg deur die tannies en het albei die lewe behou.

'n Jong seun met die naam van Adriaan Rossouw, het 32 assegaaisteke van die Zoeloes gekry. Hy is vir dood opgetel. Tot almal se verbasing het die lewe teruggekeer en is ook hy weer gesond.

Die heldedade van hierdie jong kinders en die 185 wat vermoor is, mag en sal ons nooit vergeet nie!

(Lees aanstaande week verder. Die Penkoppe. — Red.)

## VERJAARDAG-KETTING

**MAART**

30 Anna Steyn, Buurmansdrift, Tvl.
Susara Posthumus, Indwe.
31 Johannes Voges, Stellenbosch.

**APRIL**

1 Elizabeth Fourie, Sutherland.
Rita Wolmarans, Karreedouw.
2 Dan Esterhuizen, Paarl.
3 Jan Slabbert, Paarl.
Alida Lamprecht, Oudtshoorn.
Hester Lombaard, Luckhoff.

## Laertrekke

Gedurende die Paasnaweek word 'n laertrek vir die Boerejeug van GEORGE, OUDTSHOORN en omstreke gehou op die plaas van Oom Hennie Lamprecht van Morgenson, dist. George. Besonderhede is by Komdt. H. T. Hitge, Regentstraat 5, Oudtshoorn, verkrygbaar. Vriende van die Boerejeug is ook hartlik welkom.

**SKIEREILAND, BOLAND EN OMGEWING**

Gedurende die Paasnaweek sal daar ook 'n laertrek vir bogenoemde area gehou word. Besonderhede is verkrygbaar in verlede week se uitgawe van DIE BOEREJEUG. Dit sal weer ons jaarlikse Kompetisie-laertrek wees.

## Boerejeug-Nuus

**OUDTSHOORN BOEREJEUG VUURWARM**

'n Tydjie gelede het 'n klompie Boerejeuglede van Oudtshoorn 'n baie geslaagde verskeidenheidsprogram op De Rust afgehandel. Twee weke later het hulle weer dieselfde program op De Hoop opgevoer. George se Boerejeug-orkes wat vir beide geleenthede spesiaal oorgekom het om aan die program deel te neem, het veel luister aan die verrigtinge verleen met hulle opgewekte musiek.

Die gehore het die programme so geniet dat hulle na afloop weer geldelik bygedra het. Die Boere het daardie paar uur ten minste die drukkende droogte vergeet.

Finkel en Koljander het die mense werklik laat skaterlag met hulle grappige voorstellings.

Die fondse wat hierdeur byeengebring is, word gestort in ons Franschhoek-laer-fonds. Volmoed sal die volgende aan die beurt wees.

(Ingestuur deur Komdt. Hitge.)

## HEIDELBERG VIER VRYHEIDSDAG

Die kommando van Heidelberg het op Woensdag, 1 Maart, Vryheidsdag gevier op die plaas Slangrivier, van komdt. N. J. Uys — dieselfde plaas waar die Ossewabrandwag tien jaar gelede die aldaar gestig is. Die verrigtinge het onder leiding van komdt. Uys plaasgevind wat genl. J. L. Swart, wat ook teenwoordig was, versoek het om die eerste hout op die Vryheidsvuur te gooi nadat die Boerejeug dit met fakkels aan die brand gesteek het. Genl. Swart is gevolg deur asst.-hoofkomdte. Swart, komdte. en veldkt. Mouton en die res van die aanwesige Brandwagte. Die offerkissie het £5 15s. opgelewer.

Na afloop van die plegtigheid is die aand verder gesellig deurgebring in die huis waar verversings bedien is. — (Meegedeel).

## BRIEWE-KOLOM

Posbus 1411,
KAAPSTAD.
29 Maart 1950.

Beste Maats,

Verlede week kon ons nie al die briefies plaas nie omdat daar te min ruimte oor was. Hierdie week gee ons egter aan diegene, wie se briefies moes oorstaan 'n kans.

SARIE THERON, S.A. SPOORWEë, KOFFIEFONTEIN skryf:

Liewe Boerejeug-Redaksie,

Ek het darem nog nie lui geword nie, daarvoor is ek te lief vir die Boerejeug.

Die nuwe standerd asook die oefen vir ons skoolsport het ons so besig gehou. Nou is die sport verby en ons al taamlik op koers in die nuwe standerd en kan ek weer skryf.

Dit was vir ons 'n alte mooi grap toe ons in die Boerejeug lees hoe die brandweermanne gedurende die laertrek by die Monument die kampvuur wou gaan blus het. Ons het heerlik daaroor gelag.

Egte Boerejeug-groete,
Sarie Theron.

Hier in die Kaap het ons regtig nou winter-weer. Dit het heerlik gereën en nou het die sonnetjie weer uitgekruip. Net soos in die Winter. Ons kla egter nie, want as die Winter verby is, kom die mooie Lente en is ons weer almal bly.

Maats moet gou weer aan ons skrywe anders kan ons nie julle koerantjie vol skrywe nie.

Hartlike Boerejeug-groete,
Boerejeug-Redaksie.

## Middelburg Hou Vlam Brandend

Die Ossewabrandwag van Middelburg (Tvl.) het op 27 Februarie Vryheidsdag herdenk ten huise van hoofkomdt. Luitingh. Presies op die vasgestelde tyd, soos ons dit elke jaar gewoond is, het die verrigtinge begin onder leiding van die Hoofkommandant. 'n Aansienlike vuur is in die agterplaas aangesteek, en elkeen het sy offer gegee en eerbiedig gesalueer.

Na afloop van die plegtigheid is heerlike verversings bedien, danksy die vlyt van mev. en mej. Luitingh. Die Ossewabrandwag hier is nog nie dood soos sy vyande hoop en wensdink nie. Die gloeiende kole sal ter bestemder tyd weer oplaai in vlamme.—(kor.)

# BRITTE BESORG OOR TWEE ‚PINK' OORLOGSHOOFDE

**Winston Churchill het verlede week in sy toespraak oor die verdediging van Europa voorgestel dat daar 'n geheime sitting van die parlement gehou moet word om sake van verdediging te bespreek.**

**'n Paar weke gelede het konserwatiewe lede van die laerhuis kennis gegee van 'n mosie van afkeuring omdat Clement Attlee 'n man wat kort gelede hom gunstig oor die Kommunisme uitgelaat het, bevorder het tot die belangrike pos van minister van verdediging. Hierdie minister, Emanuel Shinwell (wie se Joodse ouers die Poolse van van Schinwald gevoer het) sou, volgens die mosie, op 10 Januarie gesê het dat hy geen besondere twis met die Kommunisme het nie, maar alleen met sy tegniek.**

Shinwell was ook voorheen bekend as 'n aktiewe godloënaar, sodat hy ook in hierdie opsig verwantskap met die Kommunisme moontlik voel. Tydens sy vakbond-loopbaan het hy meermale op gewelddadige wyse met die wet gebots en was hy een geleentheid tot vyf maande tronkstraf veroordeel.

Dit is die man wat aan die hoof staan van die departement van verdediging — 'n meer verantwoordelike departement as dié van oorlog, aan die hoof waarvan 'n ander minister met bedenkinge oor sy kommunistiese neigings, John Strachey, staan.

Die herinnering aan Klaus Fuchs, 'n Poolse Duitser, wat Brittanje se atoomgeheime weggegee het aan sy Kommunistiese vriende, laat meer as een Konserwatiewe lid met besorgdheid opsien na die twee Joodse „pink" ministers aan die hoof van Brittanje se verdediging in 'n tyd wanneer Churchill selfs dink aan geheime verdedigingsdebatte.

## JURIE VERBAAS MOORDENAAR

**Die Cape Times berig dat 'n 25-jarige blanke, W. White, verlede week met verbasing na die uitspraak van 'n blanke jurie in Mississippi, Noord-Amerika, geluister het toe hy skuldig bevind is aan „lynch-moord" op 'n neger-kind.**

**Dit is sestig jaar gelede dat 'n blanke in daardie deel laas tereggestel is weens die doodmaak van 'n neger.**

**En dan raas die wêreld oor Suid-Afrika!**

## Getuienis Vir 'n S.A. Neurenberg

Die koerante het verlede week berig van 'n oudstryder, mnr. J. J. Erasmus, wat op 86-jarige leeftyd 'n Engelse koeël uit sy been laat verwyder het. 'n Foto van die koeël het ook in die pers verskyn, en dit is dadelik herken — soos die berig trouens ook meedeel — as 'n loodpuntkoeël. **Hierdie soort koeël, wat so gemaak is dat dit ontplof wanneer dit been raak en alles in die omgewing vergruis of oopruk, was 'n verbode wapen in beskaafde oorlogvoering.**

Van Boerekant is daar dikwels beweer dat die Engelse van loodpunte gebruik gemaak het. Bogenoemde operasie sou voor elke „Neurenbergse hof" hierdie aanklag kon staaf.

## Belaglike Basis Vir Belasting In Stede

**Die besef dat ons plaaslike belastingstelsel nie meer tred hou met die eise van die omstandighede nie, is besig om ook in wyer kringe deur te dring.** Die ondervoorsitter van die Port Elizabethse geldelike komitee van die stadsraad, mnr. A. Schauder, het by geleentheid van 'n konferensie van munisipale rekenmeesters in Pretoria vir 'n verandering van die huidige stelsel gepleit. **„Dit is besig om 'n belaglikheid te word om die blote eienaarskap van stene en pleister die basis vir belasting te maak waaruit vir dienste betaal moet word wat strek van verkeerspolisie tot gesondheidsbeamptes," het hy gesê, en voorts gewys op die ongerymdheid om uit hierdie klein kring die geld te neem vir dienste wat tot voordeel strek van die hele gemeenskap in 'n hedendaagse stad.**

Soos die O.B. 'n tydjie gelede aangetoon het, is dit nie net die eienaars van huise wat belasting betaal nie, maar in geval van huurhuise is dit inderdaad die huurders wat die belasting betaal, **sodat hierdie belastingmetode 'n lywige faktor is in die verhoogde lewenskoste waarmee die volk vandag te kampe het—veral gesinshoofde.**

Dit is tyd dat hierdie „belaglikheid" nie net in woorde veroordeel staan nie, maar dat die nodige wetgewing verkry moet word om 'n vooruitstrewende belastingbeleid moontlik te maak.

## Ander Stelsel Nodig Van Belasting

**„Eiendomsbelasting as 'n grondslag vir munisipale finansies het die perke van sy nuttigheid en maatskaplike regverdigheid bereik,"** het dr. J. F. Midgley op 'n vergadering van Kaapstadse belastingbetalers gesê. Hy het gepleit dat stadsbewoners belas moet word volgens dienste wat aan hulle verskaf word en hul vermoë om te betaal.

So 'n stelsel sal ook groter belangstelling in stadsake by die publiek teweegbring, het hy gesê.

## SKEER ROOIES EN FASCISTE OOR EEN KAM

**Sewe-en-veertig Kommuniste en Kommunistiese mede-reisigers en een „Fascis" is deur die Britse regering uit die staatsdiens geskop, na uit Londen verlede week berig is.**

Van die Kommuniste was 22 nie lede van die party nie, dog sodanig daarmee geassosieer dat twyfel omtrent hul betroubaarheid bestaan, volgens verklaring van die regering.

**Die verwydering van die „Fascis" moet blykbaar aan Attlee se vrees vir 'n Spaanse verowering van die Weste toegeskryf word—die enigste land met 'n regering wat nog enigsins met „Fascisme" geassosieer kan word, danksy die hulp wat Mussolini in sy dae veertien jaar gelede aan hierdie land teen die Kommunisme verleen het—die dae toe die heer Attlee 'n grondige simpatiseerder van die Kommunistiese Spanjaarde was wie se rooi saluut hy saam met hulle by geleentheid gegee het.**

# Duitsers Moet Deur Vir Eie Bloed Op Eie Bodem In Gesig Toeslaan

*(Van Ons Korrespondent in Duitsland)*

**Duitse grenspolisie word tans onder toesig van Geallieerde troepe gedwing om deel te neem aan die onmenslike spel met hul Duitse volksgenote wat uit Oos-Duitsland deur die Pole verdryf word. Op bevel van die Geallieerde besettingsowerheid mag hierdie uitgedrewenes nie in Wes-Duitsland toegelaat word nie, behalwe as hulle behoort tot 'n gekeurde getal ten opsigte van wie daar verlede jaar 'n ooreenkoms met Pole aangegaan is.**

**Tussen die Britse besettingsmagte in Duitsland en die Poolse regering is in 1949 'n ooreenkoms gesluit waarkragtens nog 25,000 Duitsers uit die deur Pole besette Duitse grondgebied verdryf kon word na die Weste waar hulle in die Engelse besettingsgebied opgeneem sou word. Dit het gegaan oor Duitsers wat familie in die Weste het.** Die Pole het egter nou begin met 'n totale uitdrywing van alle Duitsers wat nog agtergebly het — die getal word op 250,000 tot 300,000 geskat. Die Engelse het die grens tussen die Britse en Engelse gebiede by Heiligenstadt gesluit en aan die Duitse owerheid die strenge opdrag gegee om niemand toe te laat behalwe as sy naam op die goedgekeurde lys van 25,000 staan.

Sedert dae staan daar nou voor die slagbome van Heiligenstadt 'n stroom uitgedrewe Duitsers wat hoop dat hulle darem êrens in hul vaderland 'n onderdak sal vind.

### LOONLOSE KNEGTE

Die eerste groep het op 2 Maart aangekom en sedertdien het die een trek na die ander gevolg. Hulle is oorwegend vroue, kinders en ou manne, wat niks meer besit as wat hulle aan hul lywe het nie — verslete klere. **Hierdie mense het jarelank in Poolse kampe gesit of as knegte sonder loon op hul eie plase onder onbeskryflike ontberinge voortgesleep.** Kinders, met skuwe, angstige oë, loer met verwondering na 'n vrug of 'n stukkie sjokolade — dinge wat hulle nog nooit in hul lewe gesien het nie.

Verdryf uit hul woon- en geboortegrond staan hierdie mense hier voor die grens van hul eie land, 'n grens wat hulle self nie getrek het nie, maar wat hulle nie mag oorskry nie tensy hulle **op die lys aangemerk staan as mense wat volgens die Brits-Poolse ooreenkoms wel uitgedryf MAG word.**

### BESKULDIGINGS

Engeland beskuldig nou die Pole dat hulle meer mense uitdryf as wat die ooreenkoms bepaal. Pole daarenteen beskuldig Brittanje dat hy deur die sluiting van die grens sy verpligtinge teenoor die Duitsers agter die Oder-Neisse-linie wil ontduik.

**Die versoek van die Wes-Duitse owerheid aan die besettingsmagte om nie van hulle te verwag om hul eie volksgenote 'n toevlugsoord te weier nie, is afgewys met die verklaring dat hierdie uitdrywing van die Duitsers 'n doelbewuste optrede van die Oos-blok kan wees om die moeilikhede in Wes-Duitsland te vererger deur 'n stroom nuwe vlugtelinge.** Nadat die eerste groep uitgedrewenes by Heiligenstadt deur die grenswagte voor die voet binnegelaat is — ooreenkomslys of nie — hou Britse soldate nou 'n waaksame oog ter uitvoering van die strenge Britse bevel. **Die Duitse grenspolisie is aangesê om deel te neem aan 'n skouspel wat in Jalta geloods is en wat so gruwelik en wreed is dat diegene wat vir die verantwoordelikheid daarvoor geteken het, nie genoeg trane sal besit om dit te beween nie.**

## VRUGTEFEES GROOT WELSLAE

Die vrugtefees op die plaas Welgeleë, Constantia, van mnr. en mev. (komdte.) J. R. Lategan verlede Saterdag was weer soos in die verlede 'n groot sukses. Mev. Lategan was in staat om £40 in haar O.B.-fondse te stort. Gulhartige ondersteuning is ontvang van Engelssprekendes, Duitsers en H.N.P.-lede.

Die funksie is deur dr. F. D. du Toit van Zyl (Gebiedsleier) formeel geopen.

(Vervolg van bladsy 2 kolom 5)

kies kon word en met medewerking van die eienaars sou ondersoek ingestel kon word na die bedryfsorganisasie, aanleg van die plase en die doeltreffende aanwending van die voorhande arbeid. **Die gissings wat van tyd tot tyd oor die „goedkoop" naturellewerker gemaak word, sal dan plek moet maak vir betroubare wetenskaplike feite.** Die wetenskap van landboubedryfsleer het by ons nog nie tot sy reg gekom nie.

(3) Vir die beplanning van plase moet daar samewerking met die Afdeling Grondbewaring gesoek word. Hierdie afdeling is gemagtig om groot subsidies aan boere vir draadheinings te betaal. Met dieselfde finansiële middele kan uittrapping van weiveld sowel as verkwisting van arbeid op die plaas verhoed word.

(Word vervolg)

## K.G. ONGESTELD

**Na Die O.B. meegedeel is, gaan dit in die jongste maande nie goed met die K.G. se gesondheid nie. Die moeilikheid is veral in verband met sy oë, en hy ontvang tans mediese behandeling in Pretoria.**

# *Groter Afrikaanse Stempel Geëis Vir Verdediging*

**Mnr. F. C. Erasmus, Minister van Verdediging, het verlede Saterdag op die Paarl gesê dat die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag nie uit en uit 'n Suid-Afrikaanse stempel en identiteit dra nie. Daar is 'n agterstand wat die huidige regering wil inhaal. In die verlede is nie tred gehou met die kulturele ontwikkeling van die Afrikaanssprekende deel van die bevolking nie, en die Afrikaanssprekende het nie 'n groot genoeg aandeel in die bedrywighede van die Departement van Verdediging gehad nie.**

Die standpunt van die Minister sal ongetwyfeld wye onderskrywing geniet. Die Afrikaner het 'n merkwaardige militêre tradisie, maar bloedweinig hiervan het in ons verdedigingsorganisasie in die verlede tereg gekom.

Dit mag in hierdie verband miskien goed wees om die aandag ook te vestig op kritiek wat in die jongste tyd gekom het van adv. O. Pirow, meer in besonder ten opsigte van die skepping van 'n Suid-Afrikaanse vloot. **Adv. Pirow sien geen nut vir Suid-Afrika om 'n eie oorlogsvloot op te bou nie, en beklemtoon dat die nog altyd Brittanje se beleid was om 'n deel van sy oorlogsvloot op die dominiums af te skuif wetende dat in tyd van oorlog hy in elk geval daarop sal kan reken.** In sy voorlaaste nuusbrief skryf adv. Pirow onder meer:

### DOEL VERWESENLIK

„Vir baie jare sukkel die Britse Admiraliteit al om vir ons met gedeelte van haar vlootonkoste te belas en nou eindelik, onder 'n republikeinsgesinde regering begin Suid-Afrika in die regte rigting beweeg. In plaas van die sogenaamde Unie-oorlogsvloot onmiddellik na die bewindsaanvaarding af te skaf het adv. Erasmus dadelik die Admiraliteit gevra of ons skepe saam met hulle s'n mag oefen. Sodoende word die regte gees onder die Suid-Afrikaanse offisiere en matrose gehandhaaf.

### DIE KROON

„Verlede week het hy oor sy werk die kroon gespan deur 'n ,rustende' torpedoboot van Brittanje te koop. Ons moet maar dankbaar wees dat dit nie 'n ,rustende' slagskip was nie, maar miskien kom dit nog. Suid-Afrika het vir sy eie verdediging geen oorlogskepe nodig nie. Bomwerpers en swaar vestingsartillerie is vir ons doelwitte heeltemal voldoende saam met walvisvangers as mynveërs. Die Regering sal waarskynlik vir ons vertel dat die oorlogsvloot matrose en offisiere vir ons groeiende handelsmarine gaan oplei. Miskien is daar mense wat onkundig en naïef genoeg is om dit te glo."

# Russe Bou Sterk Duitse Leër Op

**Die Russies-opgeleide „volkspolisie" in die Oos-Duitse republiek word stelselmatig ontwikkel tot 'n volbloed-leërmag, wat bewapen sal wees met Russiese, Poolse en Tsjeggiese wapens en selfs met Amerikaanse „bruikleen"-tenks, word berig aan die hand van inligting wat deur 'n senior offisier van die „volkspolisie" verstrek is.**

**Die huidige getalsterkte van die „volkspolisie" is ongeveer 180,000 het die offisier verklaar.**

Van hierdie getal word 120,000 manne van tussen die leeftye van 18 en 40 jaar in barakke aangehou en ontvang hulle militêre opleiding van Russiese en Duitse instrukteurs. Slegs 60,000 word vir gewone polisiewerk gebruik.

Die polisie staan onder bevel van òf voormalige Duitse leëroffisiere en onder-offisiere wat in Rusland opgelei is òf onder Duitse kommuniste.

Russiese verbindingsoffisiere is aan elke bataljon verbonde en belangrike dokumente word deur hulle in naam van die Duitse bevelhebber geteken.

Daar is ongeveer 90 bataljons van die „volkspolisie" wat dwarsdeur die hele Oos-Duitsland versprei is.

## *Dr. Malan Se Boodskap Aan Engelse Volk*

Dr. Malan het 'n spesiale boodskap gerig aan die burgemeester van Londen by geleentheid van die insameling van 'n nasionale dankfonds vir die oprigting van 'n verblyfsentrum vir studente uit die Statebond en Amerika in Londen.

Dr. Malan het gesê "Ek verneem dat u vandag 'n nasionale dankfonds oprig om uitdrukking te gee aan die erkentlikheid van die Engelse volk aan die volke van die Statebond en van die Verenigde State van Amerika vir die hulp wat hulle verleen het in die donker oorlogsdae en daarna en ek wil aan u my goeie wense oordra vir die sukses van u pogings.

„Ek is seker dat die oprigting van hierdie fonds 'n aangename verrassing is vir die volke van die Statebond en die Verenigde State.

„As die hulp wat verleen is vrygewig was, is dit eenvoudig 'n bewys van die werklikheid van die bande wat hierdie volke saambind in 'n broederlike assosiasie.

„Die ewe spontane en kostelike milde erkentlikheid wat nou openbaar word, is verder bewys van 'n vriendskap, waarvan simpatie en dankbaarheid sodanige eienskappe is dat dit uitdrukking vereis."

## *AUSTRALIË GAAN TOESLAAN*

Die Australiese regering het hangende spesiale wetgewing, hom verlede week met ingrypende noodmagte beklee ter bestryding van die kommunistiese gevaar. Dit sluit in die verbod op vergaderings en die doodvonnis vir verraad.

Die eerste minister, R. C. Menzies, het gesê dat Australië in 'n greep van ernstige nywerheidsonluste verkeer. „Ons sal eens en vir altyd met die Kommuniste klaarspeel. Ons sal die Kommuniste op hul eie terrein ontmoet," het hy beklemtoon.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# Rooi Ondergrawers Hou Kongres

**'n Geheime vergadering van Kommunistiese vyfde kolonners is onlangs in Peking gehou waar nuwe opdragte vir revolusionêre optrede deur 'n Russiese driemanskap gegee is. Hulle is veral aangesê om hulle toe te spits op vakbondbedrywighede en meer in besonder ten opsigte van skeepsverkeer.**

Ook Australië se Kommuniste was op die vergadering teenwoordig en hulle het verslag gedoen van hul vordering in sekere Australiese hawens waar hulle hoop om binnekort 'n meerderheid in die vakbonde te hê.

**Die opdragte het verder ingesluit geheime bewapening van inboorlinge; aanhitsing tot staking; voorsiening van fondse vir agitators; inspyeling in nie-kommunistiese organisasies; en die skepping van ondergrondse verbindingskanale.**

Hier die streekskongres van kommunistiese ondergrawers, dui aan dat sulke kongresse klaarblyklik ook vir ander dele van die wêreld gehou word. Die opdragte sal ongetwyfeld nie veel verskil nie — ook nie die ten opsigte van geheime bewapening van inboorlinge nie.

# Offisiere Wil Von Manstein Se Vonnis Deel

(ONS DUITSE KORRESPONDENT)

Die vonnis van agtien jaar tronkstraf wat die Engelse militêre hof in Hamburg op 19 Desember oor generaal Von Manstein gevel het, is sedertdien verminder tot twaalf jaar. Die redes vir die vermindering is onbekend.

Berigte in buitelandse koerante oor die hof se uitspraak teen Von Manstein het destyds baie duidelik openbaar dat die vonnis met gemengde gevoelens aangehoor is. **Maar in besonder het die Duitse soldate wat aan die Russiese front geveg het, hul misnoeë oor die vonnis te kenne gegee. „Mens moet nie vergeet nie", so sê hulle, „in watter toestand ons die gewondes aan die Oosfront aangetref het. Hulle was onherkenbaar vermink; en boonop is water oor hulle uitgegiet sodat die liggame in die verskriklike koue tot ysilpare bevries is. As mens die gesig gesien het, dan . . ."**

Ander sê weer „Ons (hier volg die name van twintig offisiere) is elkeen bereid om 'n jaar in Von Manstein se plek in die tronk te gaan sit."